# Keramiek... antieke kuns

ELKE mens ondervind een of ander tyd 'n behoefte om iets te skep.

Die boer saai saad en word keer op keer opnuut met wonder vervul wanneer hy die plantjies hul eerste lote bo die grond sien uitstoot.

Die digter kan ure in die verbeelding rondtas op soek na 'n woord wat hom bly ontwyk. En as hy dit eens gevind het, weet hy dat die inspanning nie vergeefs was nie . . . dat hy met sy „digtersbeitel" iets uit niet geskep het.

**EWIGE WAARDE**

Die pottebakker gee gestalte aan die vormlose klei en verander dit in beelde en voorwerpe wat ewige waarde verkry . . .

Ons het egter nie nou met 'n pottebakker te doen nie, maar met 'n pottebakster. Haar naam is Marie-Hèléne Albrecht en sy woon in Johannesburg waar sy binnekort op jeugdige ouderdom 'n skool in die pottebakkery gaan open.

„Was dit nie vir 'n toevallige besoek op twaalfjarige leeftyd aan 'n pottebakkery nie, het ek my waarskynlik nooit in hierdie rigting begewe nie," vertel sy. „Sedert daardie eerste intrede in die wêreld van keramiek het my vingers egter aanhoudend bly jeuk om self met klei te woeker."

Vervolgens het sy dan ook klasse in die pottebakkery aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege begin volg waar sy gou bewys het dat sy oor buitengewone aanleg in dié rigting beskik. Ná haar skoolopleiding het sy 'n jaar Skone Kunste aan die Universiteit van die Witwatersrand bestudeer en is toe na Wiesbaden in Duitsland om haar verder in die kuns van die keramiek te bekwaam.

In hierdie skilderagtige dorpie wat in die hartjie van die Rynvallei geleë is, het sy saam met ongeveer drie honderd ander studente die fynere besonderhede van dié antieke handewerk leer ken.

**HARDE WERK**

„En glo my, hierdie kennis is nie op 'n goue bord na ons aangedra nie," vertel sy. „Op 'n goeie dag het daar 'n vrag klei by die kunsskool aangekom en tot my verbasing is ons, die studente, aangesê om na buite te gaan en die goed af te laai! Hoewel dit 'n smerige en uitputtende taak was, het ons dit terdeë geniet. Al wat ons gepla het was die laggende gesigte van medestudente in die vensters van die ander kunsklasse!"

Maar selfs die grondige kennis wat sy aan die „Kunstschule" opgedoen het, kon haar belangstelling in die keramiekkuns nie ten volle versadig nie. Op 'n vakansiereis saam met 'n groep Berlynse studente, het sy haar oë oopgehou vir enigiets wat in verband staan met die wese van haar vak. So het sy onder meer in Finland met die wêreldberoemde Arabia-pottebakkers kennis gemaak wat haar nog verder besiel het.

**EIE UITSTALLING**

Terug op vaderlandsbodem aan die begin van hierdie jaar, het sy die groot stap geneem om 'n uitstalling van haar werke saam met die batikkunstenaar, Louis Steyn, in die Goudstad te hou.


„Ek het besef dat die uitstalling my gaan maak of breek," erken sy beskeie. „Gelukkig het dit goed afgeloop. Ek het uiteindelik die Rubicon na sukses oorgesteek en kon my nou uitsluitlik aan die beoefening van my kuns wy."

Sy het egter nog haar kunsvaardigheid afgerond in Witrivier onder leiding van iemand wat tereg as die meester van die keramiek in Suid-Afrika beskou word — die bekende Esias Bosch.

'n Besondere onderskeiding het hierdie jong Suid-Afrikaner pas te beurt geval. Sy is naamlik gekies om saam met drie ander van ons land se keramiekkunstenaars aan die end van die jaar deel te neem aan die tweejaarlikse internasionale uitstalling by die Smithsonian-instituut in Washington.

Die lewensweg van die toegewyde kunstenaar is nie 'n maklike een nie. Bedrewenheid in 'n tegniek word eers verkry na jare se voorbereiding en selfs dan is daar dikwels nog mislukte pogings wat alles behalwe bemoedigend is.

Maar die beloning word verkry as die kunstenaar op 'n mooi dag met 'n skepping tevoorskyn kom wat werklik 'n deel van hom is. Alleen dan sal ander ook daardeur geïnspireer word . . .



*BO: Nadat die vaas of verlangde voorwerp op die wiel gevorm is, word dit verwyder en eenkant gehou om vir vyf of ses dae goed uit te droog. Dan word dit in 'n bakoond (sien foto), vir ongeveer 'n dag en 'n nag geplaas, waarná die glasuur aangebring word en die werk vir die tweede en laaste maal (ook vir 24 uur) in die oond gebak word.*